STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

# *Bot* (Carien Smith) as postkoloniale verset teen digitale neokoloniale mag

Alicia van der Spuy
Walter Sisulu Universiteit
ORCiD: https://orcid.org/0000-0002-4828-9734

## Abstract

**_Bot_ (Carien Smith) as postcolonial resistance against digital neocolonial power**

This paper examines *Bot*, a short story collection by Carien Smith, as a form of postcolonial resistance against digital neocolonial power. Drawing on postcolonial theory, as well as recent studies on data colonialism, technocolonisation and artificial intelligence, it demonstrates how Smith's speculative dystopian fiction rearticulates colonial systems of control, hierarchy and exclusion. The study argues that AI and digital infrastructure function as new languages of power in which algorithms and data systems exercise control in ways similar to historical colonial administrations. In *Bot* this power is sybolised through technologies that normalise dehumanisation, exploitation, the erasure of identity, gendered coloniality, and ecological destruction. *Bot* serves not only as a warning about the consequences of uncontrolled technological development, but also challenges the power politics of the digital age and exposes the potential human cost of technological advancement.

**Hoe om na die artikel te verwys:**

Van der Spuy, A. 2025. *Bot* (Carien Smith) as postkoloniale verset teen digitale neokoloniale mag. *Stilet*, 37(1/2):113-131.

Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

## 1. Inleiding

Volgens Ashcroft, Griffiths en Tiffin (2001:167) het diegene wat die taal verstaan die mag in ŉ koloniale of postkoloniale omgewing. Hierdie persone of entiteite skep die reëls waarvolgens die “waarheid” beslis word en hulle besluit dus wie die mag het in die diskoers, aangesien hulle volgens hul eie reëls die waarheid kan annekseer, bepaal en verifieer.

Wanneer ons kyk tot watter mate rekenaars en tegnologie deel van die moderne mens se lewe geword het, begin dit duidelik word dat ŉ nuwe vorm van oorheersing in die digitale arena tot stand gekom het (Ilo, 2025:188). Hierdie ‘‘datakolonialisme’’ beteken dat internetgebruikers se gedrag, gewoontes en verhoudings tot kommoditeite gemaak word (Ilo, 2025:189) sonder dat hulle werklik verstaan wat agter die skerms gebeur. Voeg hierby die moontlikhede wat deur kunsmatige intelligensie ontsluit word, en dit word duidelik dat rekenaartegnologie die patrone van historiese kolonialisme voortsit – weer eens onder die dekmantel van vooruitgang (Kponyo, Fosu, Owusu, Ali, & Ahiamadzor, 2024:17). Op sy slegste is kunsmatige intelligensie ŉ nuwe manier van uitbuiting en beheer, aangesien lande wat nie oor die tegnologie, oftewel die taal, beskik nie, ondergeskik is aan algoritmes wat in ander lande en kulture ontwikkel is (Ilo, 2025:189). Hierdie manipulasie van die taal van die neokolonialisme, ook tegno-neokolonialisme genoem (Kponyo, Fosu, Owusu, Ali, & Ahiamadzor, 2024:17), moedig monopolitiese praktyke aan en vererger ekonomiese ongelykheid, aangesien toegang tot data gebruik kan word om die politieke en ekonomiese sisteme van oënskynlik onafhanklike nasies te manipuleer. Die gevolg is dat dominansie uitgebrei word.

Bostaande is veral belangrik wanneer in ag geneem word dat 73,2% van die wêreldbevolking toegang tot die internet het (Statistica, 2025), wat beteken dat die invloed van die internet wyd strek. Gebruikers moet konformeer tot die reëls van die sisteem wat hulle gebruik, ongeag of dit vir hulle geskik is.

*Bot* (Smith, 2022), ŉ versameling van sestien kortverhale, word in hierdie artikel in terme van postkoloniale teorie ontleed om aan te toon op watter manier wetenskapfiksie gebruik kan word om die kolonialiteit van kunsmatige intelligensie bloot te lê en te kritiseer. ŉ Tematiese analise word gebruik om die moontlike gevolge van die digitale neokolonialisme te bespreek.

## 2. Agtergrond

Kunsmatige intelligensie (hierna KI) en wetenskapfiksie (voortaan WF) in die besonder gryp reeds sedert minstens die 1920s (De Vries, 2023) die verbeelding van beide skrywers en lesers aan. Ten spyte hiervan gaan die Afrikaanse letterkunde mank aan wetenskapfiksieskrywers (Van der Walt, 2010) met C.J. Langenhoven wat die genre in 2023 aan Afrikaanse lesers bekendstel in sy baanbrekerswerk, *Loeloeraai*, wat algemeen beskou word as die eerste wetenskapfiksieroman in Afrikaans (De Vries, 2023). Daarnaas staan Leon Rousseau se Fritz Deelman-reeks (1956-1963) (Terblanche, 2016) en Jan Rabie se drie wetenskapfiksieromans

wat onderskeidelik in 1957, 1961 en 1971 verskyn het (Steenkamp, 2017). Ook die romanseskrywer, Wille Martin, het ŉ trilogie, die Kaptein Kristen-reeks, die lig laat sien in die vroeë tagtigs (Afrifiksie-Nova, 2016).

Die beloftes van hierdie romans is egter nie gestand gedoen nie, aangesien uitgewers klaarblyklik nie gedink het dat daar ŉ volwasse mark vir hierdie genre is nie (Steenkamp & Van Renen, 2012). Steenkamp (2017) opper hierdie siening later weer, maar noem dat die mark sedert haar onderhoud met Van Renen (Steenkamp & Van Renen, 2012) uitgebrei het. Onder skrywers wat hulle in die moderne era by die wetenskapfiksiemark gevoeg het, tel Willem Anker, Carien Smith en Isa Konrad (De Vries, 2023), asook Deon Meyer en Carina Stander (Steenkamp, 2017). Die mark vir wetenskapfiksie vir kinders blyk sterker te wees met verskillende reekse wat vir jonger lesers geskik is, byvoorbeeld Elizabeth Wasserman se *Anna Atoom*-reeks, Fanie Viljoen se *Nova*-reeks en die *Professor Fungus*-reeks deur Jaco Jacobs (Steenkamp, 2017).

Carien Smith se kortverhaalbundel, *Bot*, wat in 2022 verskyn het, was dus ŉ ongewone bydrae tot die Afrikaanse wetenskapfiksiegenre. Resensente het dadelik gewag gemaak van die distopiese samelewing(s) wat in die bundel verbeeld word en die rol wat masjiene speel in die vervreemding van die karakters in die verhale. Koen (2023) meld dat ŉ "distopiese Suid-Afrika ... op boeiende en soms skokkende wyse" uitgebeeld word, terwyl Pople (2022) na ŉ "ontmensde wêreld" verwys. Dit is juis hierdie skrikwekkende wêreld wat in Smith se bundel verbeeld word, wat haar werk onderskei van haar voorgangers. Daar is geen sprake van die verbeelde utopiese toekoms wat in byvoorbeeld *Loeloeraai* (Langenhoven, 2022) voorgestel word nie.

## 3. Wetenskapfiksie, spekulatiewe fiksie en distopiese fiksie

Ten einde *Bot* in die korrekte genre te klassifiseer, moet daar ŉ onderskeid getref word tussen "wetenskapfiksie", "spekulatiewe fiksie" en "distopiese fiksie". Al drie hierdie genres word dikwels eenvoudig as wetenskapfiksie beskou, met byvoorbeeld ŉ debat oor of wetenskapfiksie ŉ onderafdeling is van spekulatiewe fiksie, of omgekeerd (Gill, 2007:72). Breedweg gesien word WF gedefinieer as fiksie wat die potensiaal van wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang op die samelewing ontgin, asook die moontlike gevolge daarvan (Herman, 2021:319). Dit gebruik dikwels kontemporêre wetenskaplike kennis om ŉ toekomstige futuristiese of alternatiewe wêreld te verbeel. Volgens Loubser (2017:565) kan WF die werklikheid herbeding en aan die leser "wys wat verborge is". Dit gebruik dus bestaande wetenskaplike kennis op ŉ kreatiewe manier en probeer uitwys wat moontlik is binne die wetenskap (Loubser, 2017:570), maar dit gaan ook vanaf die verondersteling uit dat die beskawing, wat van wetenskap en tegnologie gebruik maak, meerderwaardig is teenoor die natuur.

Hierteenoor kan spekulatiewe fiksie (SF) as ’n wyer genre gesien word wat spekulatiewe elemente insluit. Dit handel nie net oor die wetenskap nie, maar ook oor alternatiewe geskiedenis en fantasie (Gill, 2007:73). Volgens Watson (2025:6) kan SF gebruik word om die toekoms te verbeel terwyl Lockwood (2025:41) noem dat SF totale nuwe wêrelde skep in kontras met ander tipes fiksie.

Die verskil tussen WF en SF is dus dat WF staatmaak op die bestaande wetenskaplike kennis om oor die toekoms te skryf, terwyl SF geheel en al van nuwe, verbeelde kennis en wêrelde gebruik maak. SF sluit ook die fantastiese in, met ander woorde dit wat volgens fisikawette en -beperkings nie moontlik is nie.

Distopiese fiksie beskryf ’n samelewing wat onderdrukkend is en waar alles gemonitor word (Asad, Amin, & Naimat, 2025:201). Vooruitgang in byvoorbeeld tegnologie word dikwels voorgehou as die ideaal, maar in distopiese fiksie lyk die toekoms baie anders, met totalitêre beheer, die verlies van individuele vryheid en onbeheersde mag as temas (Vitalyevna & Adxamjon qizi, 2025:9). Kenmerke van hierdie tipe literatuur is gewoonlik dat dit ’n gemeenskap beskryf wat op vrees gebou is en dat daar ’n algehele gebrek aan individualiteit is, gekenmerk deur totale staatsbeheer. Distopiese fiksie handel ook oor sisteme waar elkeen in ’n spesifieke hiërargie pas wat aan hulle voorgeskryf word. In hierdie tipe fiksie is die grootste deug die regerende mag en die samelewing word gekenmerk deur ’n verval van kernwaardes, byvoorbeeld die vernieting van kultuur en die afwesigheid van vryheid (Vitalyevna & Adxamjon qizi, 2025:7-8).

*Bot* kan as spekulatiewe distopiese fiksie beskryf word, aangesien die verhale samelewings skep wat die grense van dit wat moontlik is oorskry (‘Trein’, bl. 11-17). Die verhale handel ook dikwels oor ’n gebrek aan vryheid, totale staatsbeheer en die idee dat elkeen ’n plek het wat deur die heersende magte voorgeskryf word (‘Vakuum’, bl. 56-63). Algehele onderdanigheid word verwag (‘god die Robot’, bl. 145-157) en waardes wat voorheen belangrik was, bestaan nie meer nie (‘Nuwejaar’, bl. 18-26; ‘Die agentskap’, bl. 27-33).

## 4. Kunsmatige intelligensie en die digitale neokolonialisme

### 4. 1 Kunsmatige intelligensie

Kunsmatige intelligensie (KI) word gedefinieer as “die simulasie van die menslike intelligensie in masjinerie, veral deur die gebruik van rekenaarprogrammering. Dit sluit in die vermoë om te leer, redeneer en selfs te dink” (Oosthuizen, 2023). Deur die toepassing van KI word die verwagting geskep dat sleurtake geoutomatiseer sal word, dat die mens beter inligting sal kry en dat nuwe kennis geskep sal word (Oosthuizen, 2023). Die moderne idee van KI handel egter nie net oor ’n intelligente masjien (Geraci, 2007:966) nie, maar ook oor ’n masjien wat namens die mens kan dink en doen. Dit voer dus nie slegs opdragte uit nie, maar besluit wat die geskikte optrede behoort te wees.

KI kan nie net gesien word as "masjiene" of "tegnologie" nie, maar daar moet in gedagte gehou word dat dit ook oor mense, idees en sosiale aksie handel (Lindgren, 2024:14), asook oor mag en ontmagtiging. Maatskaplike rolle en magsverhoudings kan deur hierdie tegnologie aangemoedig of verhinder word. Daarom moet die nuwe tegnologie krities beskou word ten opsigte van die verhouding met die samelewing, ekonomie, ideologieë en mag (Lindgren, 2024:17).

Lindgren (2024:16) verwys ook na Adorno se stelling in verband met tegnologie, naamlik dat dit belangrik is om krities te wees en nie net "gefassineerd, gretig en onverskillig teenoor gevolge" [my vertaling] nie. Hierdie bly 'n belangrike stelling gesien in die lig van mense se omarming van nuwe tegnologie sonder om na te dink oor die gevolge van hierdie tegnologie vir die samelewing en die omgewing. Mense deel ook daagliks inligting oor hulle lewens met toepassings, deur byvoorbeeld aanlyn te bestel of deur inkopies te doen met die swaai van 'n kaart, en daar word weinig daaroor gedink.

Teenreaksie in Amerika oor die gebruik van TikTok (Netwerk24, 2025) is 'n aanduiding dat die gemiddelde mens en selfs politieke besluitnemers geen idee het oor hoe hulle aanlyninligting gebruik word nie. Die blote feit dat hierdie sosiale media toepassing deur 'n Chinese maatskappy bedryf word, is klaarblyklik genoeg om mense op loop te jaag oor die gebruik van die toepassing en die risiko wat dit vir binnelandse veiligheid inhou. Daar was voorheen soortgelyke besware wat Facebook betref; tog was daar geen openbare oproep om die toepassing te verban nie – selfs toe daar duidelike bewyse was dat inligting wat op hierdie toepassing versamel is, gebruik is om die Amerikaanse verkiesing in 2016 te beïnvloed (Scatton, 2023:6).

KI het vele positiewe toepassings, veral in die mediese veld, maar daar moet nog besin word oor die etiese gebruik en beheer daarvan.

### 4.2 Digitale neokolonialisme

Waar die digitale revolusie voorheen gesien is as grensverskuiwend wat onafhanklikheid en demokrasie betref, het dit stelselmatig 'n tweesnydende swaard geword (Stevenson, 2024:1), aangesien dit aan die een kant ongekende toegang tot informasie gee, asook geleenthede bied wat betref die skep van internasionale netwerke, modernisering en ontwikkeling. Aan die ander kant skep dit probleme vir veral die globale Suide, aangesien hierdie nuwe tegnologie meestal deur lande in die noordelike halfrond geskep en beheer word, veral die Verenigde State van Amerika en China (Dahiya, 2023). Dit veroorsaak tegnokolonialisasie, 'n konsep wat parallel loop met die uitbuitende praktyke van historiese kolonialisme (Kponyo, Fosu, Owusu, Ali, & Ahiamadzor, 2024:17), deurdat dit, onder die dekmantel van vooruitgang, uit ander se arbeid, die natuur en grondgebied voordeel trek.

Vir die doel van hierdie artikel sal digitale neokolonialisme en tegno-neokolonialisme as sinonieme gebruik word.

Volume 37(1/2)
2025 **ISSN: 1013-4573**

## 5. *Bot* as postkoloniale teks

Kunsmatige intelligensie (KI) kan gesien word as ŉ metafoor vir koloniale mag, andersheid (*otherness*) en dominansie, aangesien dit nie net oor die tegnologie gaan nie, maar dit kan ook oor maatskaplike kwessies handel (Herman, 2021:320). In hierdie opsig kan literatuur wat oor KI en die implikasies van hierdie nuwe wetenskap handel, as postkoloniaal gesien word, in ag genome die definisie van postkoloniale literatuur as alle literature wat onder kolonialisme ontstaan het, met ander woorde, die terugskryf van die gekoloniseerde teen die kolonialiteit (Ashcroft, Griffiths, & Tiffin, 2001:2). Die term "postkolonialisme" eerder as "post-kolonialisme" word gebruik, want daar is op hierdie stadium geen sprake van ŉ tydperk ná digitale neokolonialisme nie.

Beheer oor KI eggo die hiërargiese patrone van die koloniale tydperk, waar die beheerder van die tegnologie beheer uitoefen oor die gebruikers (Kponyo, Fosu, Owusu, Ali, & Ahiamadzor, 2024:17). Tegno-neokolonialisme moedig monopolistiese praktyke aan deurdat dit onregverdige besigheidspraktyke ondersteun. Hierdeur word ekonomiese ongelykheid vererger. KI word dus ŉ nuwe manier om ander, veral diegene wat nie die tegnologie ontwerp het nie, uit te buit.

Verset is ŉ inherente eienskap van postkoloniale tekste (Anker, 2009:34). Dié soort tekste ondermyn koloniale perspektiewe en ontbloot die magstrukture, rasseklassfikasie en onderdrukking. In hierdie opsig kan *Bot* (Smith, 2022) as ŉ postkoloniale (moontlik "postneokoloniale") teks gesien word, aangesien dit moontlike magstrukture en onderdrukking wat deur die koms van KI in plek gestel mag word, blootlê. Digitale neokolonialisme verskil egter van geskiedkundige kolonialisme, omdat dit vanaf sentrale punte af kom. Hierdie sentrale punte dwing hul kultuur af op die gebruiker, want die sisteem is sodanig opgestel dat die gebruiker eenvoudig moet aanpas. Indien gebruikers in opstand wil kom, verloor hulle toegang en sluit hulself uit van byvoorbeeld werksgeleenthede en sosiale interaksie.

Alhoewel dit moeilik was om in ŉ koloniale sisteem te protesteer, is dit selfs moeiliker in die digitale neokolonialistiese sisteem, aangesien die gebruiker moet aanpas of hulle verloor toegang tot inligting of data, en daarmee verloor hulle toegang tot ekonomiese sisteme (Ilo, 2025:188). Hierdie gebruikers is dus ondergeskik aan algoritmes wat in ander lande en kulture ontwikkel is en word stelselmatig subtiel aangemoedig om by die sisteem aan te pas. Die mag wat in beheer is, word verdoesel deur die anonimiteit wat veroorsaak word deurdat mense deur middel van ŉ masjien toegang het. Die gebruiker is dus nie altyd bewus daarvan dat die algoritme en daarom die inligting wat hulle verkry, deur mense en entiteite, byvoorbeeld ŉ maatskappy, gemanipuleer word nie.

Digitale neokolonialisme word in *Bot* op verskillende maniere ontbloot. Temas van digitale neokolonialisme sluit in kennis, mag en beheer, dehumanisering, uitbuiting, die uitwissing van identiteit, geslagskolonialiteit en omgewingsverwoesting.

Vervolgens gaan elkeen van hierdie temas bespreek word en daar gaan aangedui word dat elkeen van hierdie temas die hegemonie van digitale neokolonialisme subtiel ondermyn deur die gevare van ŉ klakkelose navolging te ontbloot.

### 5.1 Kennis, mag en beheer

Ashcroft *et al* (2001:11) beweer, soos reeds gesê, dat diegene wat die taal beheer hulle eie reëls kan maak en daarom ook die mag beheer. In die geval van KI beheer die eienaar of die ontwerper van die KI die toegang tot kennis deur die skep van algoritmes wat hulle kultuur of agenda pas. In uiterste gevalle kan KI gebruik word om te manipuleer wat mense mag en nie mag weet nie. In *Bot* (Smith, 2022) word hierdie mag in verskeie van die verhale misbruik. In 'Laemens' (Smith, 2022:42-55) word finansiële vermoë die instrument waardeur mag bekom kan word. Die persoon wat die finansiële mag het, kan die narratief beheer en skep ŉ kultus waarin sekere mense voorregte geniet wat vir diegene sonder geld nie beskore is nie. Mag word gebruik om te besluit wie oorleef en wie nie, en die rykes sluit hulself letterlik af van die armes deur in ŉ sogenaamde bioborrel te bly. Die perfeksionisme waarna gestreef het, is op ŉ fondament van gierigheid en beheer gebaseer. Die reëls vir hierdie samelewing word geskryf deur die rykes en sluit armes uit, tensy sekere uitverkorenes deur die welwillendheid van diegene in beheer toegelaat word om hulle by hierdie samelewing aan te sluit.

Ook 'Vakuum' (Smith, 2022:56-63) handel oor ŉ waardestelsel wat deur diegene in beheer, met ander woorde dié wat die mag het, opgestel is. Die sisteem reflekteer die waardes en kultuur van die beheerders en nie van die ondergeskiktes nie. Dit is duidelik dat die spreker in die verhaal nie haar hofsaak sal kan wen nie, want die reëls is opgestel om haar nie tot voordeel te wees nie. In hierdie geval word die sisteem gemanipuleer om tot voordeel van ŉ spesifieke groep te wees. Die vrou in die verhaal is deur haar man aangerand, maar die kwessie voor die hof is nie die aanranding nie, maar eerder ŉ vraag van haar posisie in die samelewing. Indien hulle bevind dat sy simulant is en nie menslik nie, sal sy onmiddellik geëlimineer word, want sy het nie die reg om in opstand te kom nie. Die beheerders van die sisteem, in hierdie geval klaarblyklik mans, vind dit maklik om die stelsel te volg, want dit bevorder hulle. Diegene wat nie bevoordeel word nie, het geen opsies nie. Lindgren (2024:23) noem dat die skeppers van KI ŉ nuwe maatskaplike, politieke, ekonomiese en kulturele omgewing kan skep wat bepaal wie die mag het en wie ondergeskik is. Dit is presies wat in koloniale samelewings gebeur het, waar die koloniale magte hul eie sisteme op die gekoloniseerdes afgedwing het.

In hierdie verhale word neokoloniale hiërargieë ontbloot en dis duidelik dat die magte in beheer sisteme skep wat vir hulself tot voordeel is. Hulle kan egter agter KI skuil, want KI skep afstand tussen die skepper en die ontvanger en meganiseer mag. Dit is duidelik dat KI die nuwe koloniale mag word en dat die gemiddelde mens die koloniale objek is sonder epistemiese agentskap.

### 5.2 Dehumanisering

Binne ŉ koloniale sisteem word die magteloses verhandel soos ŉ kommoditeit. Hierdie kommodifisering van menslike arbeid is meer subtiel in tegno-neokolonialisme, aangesien die gebruikers van die data nie noodwendig besef dat hulle arbeid, naamlik die data wat hulle gebruik, as't ware geoes word tot voordeel van groot internasionale maatskappye of lande (Ilo, 2025:189).

In 'Trein' (11-17) reis die spreker na ŉ nuwe toekoms waar sy hoop op ŉ beter lewe. Die leser besef egter dat haar toekomswense nie vervul sal word nie weens die ooreenkomste met Adolf Hitler se "oplossing" vir sy "Joodse vraagstuk", waar enige sprake van ŉ "suiwer" Duitse oppergesag ten koste was van wat beskou is as die ander minder suiwer rasse (Breitman, 2022). Hier word mense soos diere behandel en die massas wat probeer om op die trein te klim, word eenvoudig geskiet of hardhandig hanteer (12). Die spreker self moet baklei om op te klim, wat sprekend is van hierdie ontmensliking (13). Sy word met ŉ nommer geïdentifiseer, waardeur sy deel word van ŉ sisteem waarin individualiteit nie bestaan nie. Die implikasie is dat sy nie meer mens is nie, want sy word van haar identiteit ontneem. Sy word dus soos ŉ kommoditeit behandel en gebruiksartikels is weggooibaar. Deur haar te ontmenslik en deur die gebruik van rekenaars wat die onaangename hanteer (14) word afstandelikheid en ŉ gewaande onpartydigheid geskep. Dit is duidelik dat waarde deur die sisteem bepaal word.

Soos in ander koloniale sisteme, word mense uitverkies op grond van arbitrêre klassifikasies, byvoorbeeld die "Middelmense" (44), "Hoëmense" (49) en "Laemense" (55) van die verhaal 'Laemens' (42-55). In hierdie verhaal geld ŉ ingewikkelde maatskaplike stelsel waar sekere mense uitgesluit word van die hulpbronne wat oor is weens, weer eens, ŉ gebrek aan geld. Mense wat te na aan die "Koepeldorp" (43) kom, word doodeenvoudig geskiet asof hulle nie van waarde is nie. In hierdie stelsel, geskep deur diegene in beheer, word mense letterlik verhandel op ŉ veiling. Die koloniale doel, om die "Ander" te verander in klone van die kolonialiste, kom ook hier ter sprake en dit word pertinent gesê dat dit die koepelbewoners se verantwoordelikheid is om "die Middelmense in Hoëmense te laat omskep" (54). Die enigste manier waarop die gekoloniseerde in hierdie stelsel kan oorleef, is deur soos die koloniseerders te word. Dit eggo historiese kolonialisasie waar die gekoloniseerde slegs aanvaarbaar kon word deur soos die koloniseerder op te tree en te lyk. In digitale neokolonialisasie is daar egter geen plek vir hibriditeit nie (McLeod, 2000:220), want KI dink nie in nuanses nie. Die gekoloniseerde moet dus ten volle aanpas of sal uitgeskuif word.

Verdere voorbeelde van dehumanisering word in verhale soos 'Nuwejaar' (18-26), 'Die agentskap' (27-33) en 'June' (100-107) gevind. In 'Nuwejaar' (18-26) neem die spreker deel aan die bespotting van ŉ persoon wat probeer om sy eie lewe te neem. Die grense tussen werklike en virtuele realiteit het sodanig vervaag, dat die *metaverse* belangriker word as die mense se lewe. Hologramme vervang mense, maar dit word moeiliker om te weet wie is mens en wie is nie. Selfs die telefoonterapeute is robotte (21) en menslike interaksie is

ondergeskik aan interaksie met sogenaamde intelligente masjiene. Dit is duidelik dat waardes wat voorheen belangrik was, nou tot niet is.

Die objektifisering van veral vroueliggame vorm deel van die ontmenslikingsproses in digitale neokolonialisme. In 'June' (100-107) word dit duidelik dat die egpaar alle belangstelling in mekaar verloor het. Die vrou bestel robotte as bediendes, terwyl die man die robot as 'n seksuele objek wil gebruik. Die feit dat hy 'n fetisjistiese voorliefde vir 'n sekere tipe swart vrou het, sluit aan by die koloniale idee van die eksotiese Ander, waar swart persone die objek van seksuele fantasieë was, weens die beskouing dat hulle oor 'n gevaarlike tipe seksualiteit beskik het (Young, 2003:97). Daar is ook die idee dat die begeerte na hierdie tipe seksuele omgewing voorheen verbode was en dit maak dit daarom meer opwindend. Die vroueliggaam word hier tot objek gemaak wat bloot geskik is vir gebruik.

Lindgren (2024:144) noem dat een van die probleme met KI is dat dit bestaande patriargale en seksistiese norme kan bevestig, omdat digitale assistente meestal vroulik is. Volgens Lindgren (2024:144) veroorsaak die idee van die vroulike robot dat die persepsie dat sekere rolle slegs vir vroue bestem is, versterk word. In 'June' (100-107) word die vroulike robot 'n gebruiksartikel wat nie net die huis moet skoon hou nie, maar ook aan die man se seksuele behoeftes moet voldoen.

'Vervaag' (113-121) handel juis oor die vrou as kommoditeit. Punte word toegeken aan vroue soos wat hulle sekere mylpale, voorgeskryf deur die sisteem, bereik. Hierdie mylpale het niks te doen met die vrou se individualiteit nie, maar wel met in hoe 'n mate sy aan stereotipiese standaarde van vroulikheid voldoen, byvoorbeeld deur te trou of kinders te hê (113). Die verhaal beskryf 'n klaarblyklik patriargale stelsel waar vroue moet inkoop in die stelsel om van waarde te wees. Die KI is ingestel om tradisionele rolle aan te moedig, soos blyk uit die spieël se raad dat die spreker 'n aanlynprofiel moet skep en haar hare en klere moet verbeter. Die hele sisteem is slegs op die uiterlike gefokus en op vroue se nut vir mans. In hierdie maatskaplike konteks word teruggegryp na vroeër, tans uitgediende waardes. Daar moet in gedagte gehou word dat KI-skeppers uit spesifieke ideologieë kom en daarom hulle manier van dink en hulle idees in KI inkorporeer (Lindgren, 2024:13).

Hier is ook sprake van ontmensliking in bogenoemde verhaal. Die "hoenders" is klaarblyklik in beheer, maar dit is KI-hoenders wat geprogrammeer is om op 'n sekere manier op te tree. Persone wat protesteer teen die sisteem word eenvoudig deur die robothoenders vernietig (122). Die heersende party het totale mag in hierdie verhaal en hulle is die persone wat verantwoordelik is vir die tegnologie. Hulle gebruik dus die tegnologie tot hul eie voordeel.

Ook in 'Die agentskap' (27-33) word mense, en in hierdie geval die kind, tot kommoditeite verklaar. Die vrou het klaarblyklik 'n behoefte aan aandag en laat skep daarom 'n kind wat aan haar vereistes voldoen, want die kind se talente veroorsaak dat mense ook aan haar aandag gee, veral op sosiale media (32). Deur nie vir die kind 'n naam te gee nie, maak sy die kind egter tot 'n objek waarvan ontslae geraak word. Die kind is geprogrammeer om op 'n

sekere ouderdom siek te raak en te sterf. Sy word in werklikheid deur 'n robot grootgemaak, wat saam met die kind moet sterf (33). Hierdie robot het klaarblyklik meer menslikheid as die vrou, want sy huil wanneer sy die kind se liggaam kom haal (33).

In die genoemde verhale word mense verontmenslik deur 'n sisteem waaragter die eintlike magte in beheer kan skuil. Die vraag oor wie die sisteem beheer, word nie beantwoord nie, maar mense word gekommodifieer en geklassifiseer tot hulle alle menslikheid verloor. Interessant genoeg is dit nie die robotte wat as die Ander geklassifiseer word nie, maar wel die mense. Indien die robotte in beheer is, word hulle die kolonialiseerders en die mens die gekoloniseerde in hierdie digitatle neokolonialisme. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat daar wel mense is wat agter die tegnologie skuil.

**5.3 Uitbuiting**

Die tema uitbuiting sluit by dié van ontmensliking aan, aangesien daar 'n noue verband is tussen die twee. Tegnologie verdiep die ongelykheid tussen ryk en arm, want diegene wat dit kan bekostig, het toegang tot die voordele wat tegnologie bring. Die rykes kan die toegang misbruik ten koste van die armes.

In *Bot* (Smith, 2022) word hierdie verdeling tot die uiterste gevoer en word dit 'n stryd om oorlewing. $O_2$ (128-134) handel oor 'n distopiese wêreld waar die skaars hulpbron suurstof is. Ten einde te oorleef, moet die armes suurstof steel en hulle huiwer nie om dood te maak indien nodig nie. Die verhaal demonstreer 'n planeet wat sodanig uitgebuit is, dat die basiese hulpbronne nie meer vir almal bestaan nie en wys op die gevolge van 'n grootskaalse misbruik van die aarde.

Die uitbuiting wat in *Bot* (Smith, 2022) gedemonstreer word, ly dikwels tot die ontmensliking van veral die armes. 'Laemens' (42-44) wys weer eens op die gevolge wat 'n oorbewerkte aarde het op die minderes in die samelewing. As gevolg van die uitbuiting van die aarde, is dit moeilik vir die wat nie toegang tot die koepel het nie, om te oorleef. Om die waarheid te sê, die verskil in toegang tot tegnologie wat mense kan red, stel die sogenaamde "Hoëmense"(46) in staat om die "Middelmense" (46) as arbeid te gebruik. Die sisteem wat in hierdie omgewing geskep is, bevoordeel die mense wat die stelsel ontwerp het, m.a.w. diegene wat die "taal" verstaan (Ashcroft, Griffiths, & Tiffin, 2001:167). Dit stel hulle daartoe in staat om wat hulle as die minderes beskou, uit te buit tot hul eie voordeel.

In bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat tegno-neokolonialisme nie noodwendig handel oor beheer oor grondgebied nie, maar eerder oor beheer oor die ekonomie en tegnologie. Die sogenaamde elite kan KI en biotegnologie manipuleer om hul eie voorregte te konsolideer. Die armes word uitgesluit van tegnologiese vooruitgang en kan selfs geëlimineer word indien dit die heersersklas pas.

### 5.4 Uitwissing van identiteit

Binne die digitale neokolonialisme word tegnologie gebruik om individualiteit te ondermyn, want KI is nie sonder sosiopolitieke gevolge nie (Kponyo, Fosu, Owusu, Ali, & Ahiamadzor, 2024:17). Deur gebruik te maak van tegnologie wat deur mense met ander standaarde en waardes ontwerp word, moet die gebruiker as't ware konformeer tot die standaarde en waardes van die verskaffer van hierdie tegnologie (Lindgren, 2024:13).

'Vakuum' (56-63) demonstreer bogenoemde in 'n distopiese wêreld waar die grense tussen werklikheid en simulasie (KI) vervaag. Die spreker weet self nie of sy 'n robot (die sogenaamde "simulant" (58) of 'n mens is nie. Sy is totaal uitgelewer aan 'n sisteem waardeur sy letterlik ingesluk sal word indien sy skuldig bevind is. Haar identiteit is van geen belang vir die regter – wat die stelsel verteenwoordig – nie. Hierdie sogenaamde regter is self 'n masjien en glo dat hy eties geprogrammeer is om "te oordeel oor reg en verkeerd" (62). Die vraag is weer eens wie hom geprogrammeer het, maar die programmeerders bly self 'n gesiglose entiteit en daarom self identiteitsloos. Hierdie feit laat hulle natuurlik toe om onskuldig te pleit indien foute gemaak word.

'Nuwejaar' (18-26) beskryf hoe verlies van identiteit ook deel is van kulturele vervreemding. Die werklikheid en die virtuele vervaag tot 'n punt waar dit in chaos verander. Die persoon wat selfdood probeer pleeg, word 'n skouspel waaraan ander virtueel wil deelneem. Dit dryf die smaakmakerfenomeen tot die uiterste, want almal wil deel wees van die gebeurtenis, maar gee nie om oor die persoon wat op die brug staan nie. Menslike kontak en menslike empatie verdwyn in hierdie scenario, want die foto's of videos van die gebeurtenis word belangriker as die mens. Die kultuur wat uit hierdie chaos ontstaan, wys op vervreemding en verlies van menslikheid.

Die klassifikasie van mense in die verhale, lei ook tot die verlies van identiteit. Vroue wat in die verhaal 'Vervaag' (113-121) nie konformeer tot die misogiene dee van wat 'n vrou behoort te wees nie, word nie as belangrik beskou nie. Deur bloot kategorieë aan mense toe te ken, byvoorbeeld "Laemense" (46), "Hoëmens" (45) of "Middelmense" (44), word almal deel van 'n groep waar hulle individualiteit verloor en gesigloos word. Hierdie gesiglose bestaan maak dit ook makliker vir die groep om onaangename reëls uit te voer, want niemand hoef verantwoordelikheid te aanvaar vir 'n daad waaraan almal deelgeneem het nie.

In die laaste verhaal in die bundel, "god die Robot" (145-152), word die spreker van alle identiteit gestroop wanneer sy ter wille van oorlewing haar by 'n tegnologiesgevorderde kultus aansluit. Daar word van haar verwag om haarself te onderwerp aan al die reëls van hierdie kultus, waar hulle met liedere en skrifgedeeltes voortdurend geïndoktrineer word om in die stelsel te glo – 'n stelsel wat glo dat tegnologie slegs vooruitgang en ontwikkeling (147) bring.

Reeds vanaf die begin word die spreker bewus gemaak van identiteit: "Ek is identies aan myself" (147), maar sy word slegs 'n nommer (148). Daar word ook duidelik vir haar gesê dat sy haar identiteit moet agterlaat (149). "Identies aan myself" (147) beteken klaarblyklik dat

sy soos al die ander gaan lyk en optree. Die feit dat hulle "nanoselle" (149) onder haar vel inplant, maak dit ook duidelik dat die beheerders van die stelsel die mag het om haar ten alle tye dop te hou. Enige misstap kan haar dood beteken.

Die permanente bril wat op haar gesig geplaas word (150) eggo elemente van *Die Wonderlike Towenaar van Oz* (Baum, 2024), waar dit die bril was wat die towenaar se koninkryk groen gemaak het. Dit is dus moontlik dat die spreker sien wat die bril haar wys en nie wat die werklikheid is nie. Hierdie is waarskynlik ook die rede waarom sy nie die bril mag afhaal nie, want dan sal sy die realiteit sien.

Verdere verlies van identiteit word aangetoon deur die feit dat sy per voertuig na ŉ bestemming ry wat sy nie self mag bepaal nie. Haar vrye wil word dus ingeperk deur die tegnologie, wat, soos reeds gestel, deur die beheerders geprogrammeer word. KI het die vermoë om alles eenselwig te maak, aangesien die gebruiker moet konformeer tot ŉ standaard of kultuur wat deur ŉ gesiglose beheerder gestel word. 'god die Robot' (145-152) illustreer hierdie beginsel, want alles waarna die spreker kyk, is grys: "Grys teëls. Grys handreling. Grys trappe. Grys mure." (152). Dit is duidelik dat daar in hierdie bestel geen plek is vir individuele kreatiwiteit nie.

Ook in hierdie verhaal word die mense geklassifiseer volgens die funksies wat hulle in die samelewing verrig (153). Hierdie posisies word nie deur die mense gekies nie, maar wel deur die heerser, naamlik god die Robot. Daar is dus geen sprake van vrye wil nie en mense word geklassifiseer en in posisies geplaas op grond van die wil van iemand anders. Selfs mense se gedragspatrone word voorgeskryf deur ŉ nuwe kultuur daar te stel, soos verbeeld in die nuwe groetvorm, "God die Robot" (153). Hierdie nuwe samelewing word beheer deur vrees en dit is duidelik dat mense se vrese uitgebuit word deur die sisteem.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat tegnologiese neokolonialisme individualiteit en kultuur kan uitwis. Ook die vervanging van menslike interaksie met KI-gedrewe simulasie simboliseer kulturele vervreemding onder neokoloniale sisteme. Op hierdie manier weerspieël digitale neokolonialisme die kolonialisme se uitwissing van individualiteit en kultuur en vervanging met die oorheerser se kultuur.

### 5.5 Geslagskolonialiteit

Met die term "geslagtelike kolonialiteit" word bedoel dat vroue beheer en gekommodifieerd word deur manlik-gekodeerde tegnologiese stelsels. KI kan paternalistiese oorheersing reproduseer (Lindgren, 2024:144) in die skep van vroulike robotte wat vir manlike begeerte en beheer gebou word. Hierdie houding reflekteer koloniale gender hiërargieë waar veral swart vroue dubbeld gemarginaliseer was deur sowel ras as geslag.

'June' (100-107), 'Vervaag' (113-121) en 'Vakuum' (56-63) demonstreer hoe hierdie stereotipiese siening van vroue misbruik kan word ten einde ŉ misogiene stelsel te onderhou.

Die robot in 'June' word nie alleen gebruik om skoon te maak nie, maar sy is ook 'n kommoditeit wat deur die man misbruik kan word vir sy eie seksuele begeertes. Daar word pertinent verwys na die vorige robotte, wat steeds in die eetkamer staan (101), se velkleur. Dit blyk dat die man 'n voorliefde vir swart vroue het, maar sodra hy moeg word vir die robot, is dit tyd om op te gradeer (102). Dit sluit aan by 'n samelewing wat elke keer nuwe tegnologie versoek, maar gou moeg raak vir wat beskikbaar is.

June, die robot, se interaksie met die vrou van die huis dui daarop dat daar ook moontlik 'n intieme verhouding tussen hulle is, want die hand wat oor die vrou se skouer gly (101), kom vrypostig voor. Die vrou se begeerte na June blyk egter op 'n ander vlak te wees as dié van haar man, want sy stel dit duidelik dat sy wens dat sy ook swart was, want dan sou haar man haar begeer het (100). Hierdie begeerte verduidelik die spreker se plek in die samelewing, want sonder die manlike blik is sy klaarblyklik niks werd nie. Dit is ironies dat sy terselfdertyd ook dink dat geen vrou meer na haar man sal kyk nie, want hy is oorgewig en onversorgd (100).

In 'Vervaag' (113-121) word 'n chauvinistiese samelewing geskep waar vroue se waarde bepaal word deur stereotipiese standaarde van vroulikheid. Die vrou is 'n kommoditeit wat slegs waarde het as sy bruikbaar is vir mans en sy verdien punte op grond van haar begeerlikheid vir mans, of sy getroud is en of sy kinders het (113). Voorkoms is uiters belangrik, want sonder die regte voorkoms sal geen man in die vrou belangstel nie. Die spreker in die verhaal word, soos sy verouder, identiteitsloos, want die sisteem is sodanig opgestel, dat sy letterlik in die spieël begin vervaag soos wat haar waarde vir mans verminder. Vroue se geslag word dus gekolonialiseer deur hierdie manlikgekodeerde stelsel. Ten einde toegang te hê tot die beste van die sisteem, moet 'n vrou getroud wees en kinders hê – daarsonder mag jy net by sekere winkels inkopies doen en het jy net by sekere hospitale en dokters toegang tot mediese hulp (113). Die stelsel is opgestel op 'n manier wat die vroue dwing om daaraan deel te neem, anders word hulle uitgesluit.

Die misoginie in 'Vakuum' (56-63) is meer subtiel. Dit word uit die verhaal duidelik dat die vrou, al is sy 'n mens en nie 'n simulant nie, nie haar saak sal kan wen nie. Haar man se mishandeling is nie ter sprake nie en word nie in ag geneem tydens die hofverrigtinge nie. Sy mag nie praat nie (57), mag nie haarself verdedig nie en haar prokureur woon nie die verrigtinge by nie, aangesien hy bang is vir intimidasie en vervolging. Haar reg om 'n billike verhoor word dus nie in ag geneem nie, selfs as beweer die regter dat hy 'n "etiese" (62) masjien is. Sy besef dat haar verweer nie aangehoor sal word nie en dat sy gedoem was vanaf die oomblik dat sy in hegtenis geneem is. Alle vroue in hierdie samelewing het hulle regte verloor, want die regte van die mans is belangriker as hulle s'n. Die spreker se vraag: "Wie skep die simulasie?", bly onbeantwoord, want sy kan nie wen in 'n stelsel wat opgestel is om haar te benadeel nie.

Die masjiene, in hierdie geval die regter, word geprogrammeer om binne 'n sekere waardestelsel te funksioneer. Stelsels is egter 'n sosiale konstruk waarin mense besluit wat reg of verkeerd is. KI is daarom nie onbevooroordeelde tegnologie nie, maar dit verteenwoordig die skeppers van die tegnologie se idees en manier van dink. Die skeppers kan dus, soos in hierdie verhaal, KI skep wat 'n kultuur skep waarin vroue ondergeskik is aan mans. Algoritmes kan só opgestel word dat vroue se waarde as't ware vervaag en hulle gedwing word om te konformeer tot die maatskaplike ideaal.

Die vertellers in hierdie verhale is meestal vroulik. Dit suggereer dat hulle, ten spyte van hulle voorgeskrewe plek in hierdie distopiese samelewings, hulle stories vertel en daardeur poog om die patriargale bestel te ondermyn, aangesien vroue binne hierdie omgewing nie 'n stem het nie.

### 5.6 Omgewingsverwoesting en ekologiese kolonialisasie

Omgewingsverwoesting en ekologiese kolonialisasie loop parallel met die koloniale uitbuiting van grond en hulpbronne. Die impak van omgewingsagteruitgang is veral negatief vir die armes, terwyl die rykes kan ontsnap.

Daar is talle voorbeelde van omgewingsverwoesting en die impak op die mens in *Bot* (Smith, 2022). Die openingsverhaal, 'Trein' (11-17) verwys na omgewingsvernieting wat veroorsaak is deur menslike gierigheid, waar die wêreld onleefbaar geword het vir dié wat dit nie kan bekostig om te ontsnap nie. Mense woon in "plakkersblokke" (11), die areas buite die blokke is "onbewoonbaar" (11) en oorgroei met plante wat "vergiftig" (11) is. Die armes is honger en desperaat, en die hoop op die beloofde beter lewe dryf die spreker voort. Tekens van vernietiging is oral op haar reis – vernietiging wat veroorsaak is deur mense se sug na geld ten koste van die omgewing. Uiteindelik word sy self ook deur die tegnologie vernietig, want die trein neem haar na haar dood.

Ook 'Laemens' (42-55) raak hierdie tema aan. Die armes bly buite die bioborrel, want hulle kan dit nie bekostig om daar te woon nie. Daarbuite moet hulle veg om oorlewing in 'n omgewing wat waarskynlik nie deur hulle vernietig is nie, maar hulle moet die gevolge daarvan dra. Die tegnologie binne die bioborrel veroorsaak dat die rykes 'n klaarblyklik idilliese lewe het waar hulle nie eens die resultate van hul vernietiging hoef te ervaar nie. 'Laemens' (42-55) wys duidelik wat die gevolge van ongebreidelde misbruik van die aarde op die armes kan wees, naamlik dat ekonomiese ongelykheid vererger word deur klimaatsverandering.

'Fel' (76-86) speel in 'n distopiese omgewing af waar klimaatsverandering reeds die omgewing en natuurlike hulpbronne vernietig het. Die rykes het na Mars uitgewyk (77) en hoef dus nie met die gevolge van hulle dade saam te leef nie. Die gevolge is dat mense veg om die gebruik van hulpbronne (82) en daar is nie sprake van werklike wet en orde nie. Waarskuwings oor klimaatsverandering is vyftig jaar vantevore geïgnoreer (81), omdat dit die stelsel nie finansieel

Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

gepas het nie. Die "Nasionale Klimaatswaarheid-en-versoeningskommissie" (76) vergader en dit word duidelik dat 'n korrupte regering niks gedoen het om die hulpbronne en die omgewing te bewaar nie (79), aangesien die regering ook deel is van die rykes. Daar is nie voorsiening gemaak vir die kwesbares in die samelewing nie en, ten spyte van die ooglopende gevolge van regeringsbeleid, word daar voortgegaan met die opgaar van hulpbronne tot voordeel van die rykes (79).

'$O_2$' (128-134) handel ook oor die gevolge van aardverwarming. Aangesien die armes, in hierdie geval is die spreker klaarblyklik 'n kind, niks het om te verloor nie, is hulle bereid om alle wette te verbreek om suurstof in die hande te kry. Selfs die robothonde keer hulle nie, want hulle sal in elk geval sterf sonder die nodige suurstof. Die hulpbronne in hierdie distopiese wêreld kan nie meer voorsiening maak vir almal nie. Orde word gehandhaaf deur diegene in beheer, maar dit beteken niks nie, aangesien die mense wat die meeste geaffekteer word, reeds niks het nie. Al die genoemde verhale beeld die katastrofiese gevolge van omgewingsverwoesting aan, wat vererger kan word deur die oormatige gebruik van tegnologie.

Volgens Ashcroft *et al* het die koloniale proses ontspoor weens die feit dat die koloniale gebiede te ver van die sentrum af was en monosentrisme kon nie meer uitgeoefen word nie (Ashcroft, Griffiths, & Tiffin, 2001:12). Die voordeel van digitale tegnologie is egter dat afstand nie saak maak nie en dat invloed ter eniger tyd en op enige plek uitgeoefen kan word. Die vraag ontstaan dus: kan digitale neokolonialisme slaag waar historiese kolonialisme nie geslaag het nie? Met ander woorde, kan dit genoeg invloed uitoefen om die mense en kulture wat inkoop in die stelsels te beheer en te verander? *Bot* (Smith, 2022), as spekulatiewe en distopiese fiksie, belig deur ekstrapolasie van kontemporêre kwessies die ekstreme gevolge wat deur digitale neokolonialisme geskep kan word.

## 6. Gevolgtrekking

Spekulatiewe fiksie kan gebruik word om, soos reeds gesê, hedendaagse kwessies in die kollig te plaas, maar ook om imperiale ideologieë te dekonstrueer (Asad, Amin & Naimat, 2025:201). In die geval van *Bot* (Smith, 2022) word kwessies rondom die neokoloniale aard van KI en digitale tegnologie belig. Hierdie vraagstukke weerspieël historiese koloniale idees, byvoorbeeld die dehumanisering van die mens; uitbuiting; uitwissing van identiteit; geslagskolonialiteit en omgewingsverwoesting. Binne die digitale neokoloniale sisteem is dit bykans onmoontlik om die nuwe sisteme wat deur KI gebou word, te ontsnap, want teenstand beteken uitsluiting van sowel inligting as funksie.

Terselfdertyd is *Bot* (Smith, 2022) se verhale binne 'n Suid-Afrikaanse konteks geleë en die verhale roep apartheid se sisteme van burokratiese beheer, toesig en maatskaplike manipulasie op. In hierdie geval word die staat as gevolg van die gebruik van tegnologie 'n gesiglose, meganiese beheersisteem. Dit is ook duidelik uit die literatuur (Asad, Amin, &

Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

Naimat, 2025; Ilo, 2025) dat Afrika en die globale Suide aan die kortste end sal trek in so ŉ sisteem, aangesien hierdie wêrelddele met ŉ tegnologiese agterstand begin.

Deur bostaande kwessies uit te lig, waarsku *Bot* (Smith, 2022) die leser teen die onkritiese aanvaarding van tegnologie (Lindgren, 2024:16), aangesien dit kan lei tot die verergering van maatskaplike ongelykheid en die verlies van identiteit. Smith skep dus ŉ postkoloniale teks wat die maatskappy waarsku teen die gevolge van onbeheersde digitale neokolonialisme mag, veral vir diegene wat nie die kennis het nie. Distopiese omgewings word gebruik om die kolonialiteit van KI en tegnologie en die effek daarvan op die mens te bevraagteken.

Tegno, oftewel digitale, neokolonialisme verskil van historiese kolonialisme, aangesien dit ŉ homogene kultuur aanmoedig deurdat gebruikers aanpas by die digitale sisteme wat hulle gebruik. Dit is egter duidelik dat dit as ŉ tipe koloniale bestel gesien kan word, maar hierdie keer is die gesiglose Ander in beheer. Hierdie Ander kan deur kennis van die sisteem ou koloniale praktyke laat herleef (Ilo, 2025:188) en die politieke en ekonomiese sisteme tot eie voordeel manipuleer. Digitale neokolonialisme is egter baie subtiel, aangesien dit hier oor algeritmes handel en dus ideologiese en kulturele infiltrasie handel, wat waarskynlik vir die gemiddelde gebruiker moeiliker is om op te let.

## Bronnelys

Afrifiksie-Nova. 2016. *Wille Martin 7 November 1934 - 25 Junie 2016.* https://afrifiksie-nova.com/profiele/wf-skrywers/wille-martin/. Datum van gebruik: 22 Mei 2025.

Anker, J. 2009. Aspekte van postkoloniale verset in *Eilande* deur Dan Sleigh. *Litnet Akademies,* 6(3), 33-54.

Asad, M., Amin, H. & Naimat, M. 2025. Postcolonial dystopias: reimagining empire through speculative fiction. *Journal of Social Signs Review,* 3(4):200-212.

Ashcroft, B., Griffiths, G. & Tiffin, H. 2001. The Empire Writes Back. Theory and Practice in Post-Colonial Literatures. London: Routledge.

Baum, L. 2024. *The Wonderful Wizzard of Oz.* Bracknell: Skrybe.

Bevan, D. & Wolfe, R. 2019. Systems Thinking and Moral Imagination. Rethinking Business Ethics with Patricia Werhane. New York City: Springer Nature.

Breitman, R. 2022. The Architect of Genocide: Himler and the Final Solution. Lexington: Plunkett Lake Press.

Cave, S. & Dihal, K. 2019. Hopes and fears for intelligent machines in fiction and reality. *Nature Machine Intelligence*, 1:74-78.

Chow, A. 2025. *Why DeepSeek Is sparking debates over national security, just like TikTok*. https://time.com/7210875/deepseek-national-security-threat-tiktok/. Date of access: 5 Feb. 2025.

Dahiya, B. 2023. *Digital colonialism: Neo-colonialism of the global South.* https://globalsouthseries.in/2023/01/25/digital-colonialism-neo-colonialism-of-the-global-south/. Date of access: 11 Nov. 2025.

De Vries, I. 2023. *Loeloeraai, kunsmatige intelliensie en die oordeelsdag.* https://www.litnet.co.za/loeloeraai-kunsmatige-intelligensie-en-die-oordeelsdag/. Datum van gebruik: 22 Junie 2023.

Geraci, R. 2007. Robots and the sacred in science and science fiction: theological implications of artificial intelligence. *Zygon,* 42(4):961-980.

Gill, R. 2007. The uses of genre and the classification of speculative fiction: theological implications of artificial intelligence. *Zygon*, 42(2):71-85.

Herman, I. 2021. Artificial intelligence in fiction: between narratives and metaphors. *AI and Society*, 38:319-329.

Ilo, E. 2025. Africa's struggle for sovereignty: Neo-colonialism and external control in the 21st century. *Abuja Journal of Humanaities*, 6(2025):187-194.

Koen, D. 2023. *Bot deur Carien Smith: 'n resensie.* https://litnet.co.za/bot-deur-carien-smith-n-resensie/. Datum van gebruik: 6 Jun. 2023.

Kponyo, J., Fosu, D., Owusu, F., Ali, M. & Ahiamadzor, M. 2024. Techno-neocolonialism: an emerging risk in the artificial intelligence revolution. *Trayectorias Humanas Transcontinentales*, 18:13-25.

Langenhoven, C. 2022. *Loeloeraai. Volume 2.* Pretoria: Protea.

Lindgren, S. 2024. *Critical Theory of AI.* Cambridge: Polity Press.

Lockwood, B. 2025. Speculative ecologies: anxieties, hierarchies, and anarchies in the natures of speculative fiction. *Literary Geographies*, 11(1):39-54.

Loubser, H. 2017. Omgewingsdiskoers in wetenskapfiksie vir kinders. *Litnet Akademies*, 14(2): 565-608.

McLeod, J. 2000. *Beginning Postcolonialism.* Manchester: Manchester University Press.

Netwerk24. 2025. *TikTok terug in Amerika na kortstondige verwydering.* https://www.netwerk24.com/bekragtig/meld-aan?returnurl=https%3a%2f%2fwww.netwerk24.com%2fnuus%2finternasionaal%2ftiktok-terug-in-amerika-na-kortstondige-verwydering-20250119. Datum van gebruik: 11 Nov. 2025.

Oosthuizen, J. 2023. *Kunsmatige intelligensie: Kan 'n bot die Hertzogprys wen?* https://www.litnet.co.za/kunsmatige-intelligensie-kan-n-bot-die-hertzogprys-wen/. Datum van gebruik: 22 Jun. 2023.

Pople, L. 2022. *Die toekoms is amper hier in Smith se Bot.* https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/skrywer-praat-oor-debuutwerk-bot20220715/. Datum van gebruik: 2 Okt. 2023.

Scatton, S. 2023. TikTok Risk or Threat? Competing Narrative about Risks and Threats in the US Case. Umeå: Umeå Universiteit. (Dissertation – MA).

Smith, C. 2022. *Bot.* Kaapstad: Tafelberg.

Statistica. 2025. *Number of internet and social media users worldwide as of October 2025 (in billions)*. https://www.statista.com/statistics/617136/digital-population-worldwide/. Datum van gebruik: 5 Nov. 2025.

Steenkamp, E. 2017. *Die Bergengel deur Carina Stander: 'n LitNet Akademies-resensie-essay.* https://www.litnet.co.za/die-bergengel-deur-carina-stander-litnet-akademies-resensie-essay/. Datum van gebruik: 22 Jun. 2023.

Steenkamp, E. & Van Renen, E. 2012. *Lank lewe die Arwantye!: Elzette Steenkamp gesels met Eben van Renen oor Afrikaanse wetenskapfiksie.* https://www.litnet.co.za/lank-lewe-die-arwantyne-elzette-steenkamp-gesels-met-eben-van-renen-oor-afrikaanse-wf/. Datum van gebruik: 22 Jun. 2023.

Stevenson, T. 2024. *Navigating Digital Colonialism in Africa.* Waterloo: Centre for International Governance Innovation.

Terblanche, E. 2016. *Leon Rousseau (1931-1916).* https://www.litnet.co.za/leon-rousseau-1931/. Datum van gebruik: 22 Mei 2025.

Van der Walt, D. 2010. *Vinnie Virus welkome toevoeging tot arm wetenskapfiksie.* https://www.litnet.co.za/vinnige-virus-welkome-toevoeging-tot-arm-wetenskapfiksie/. Datum van gebruik: 22 Jun. 2023.

Vitalyevna, C. & Adxamjon qizi, A. 2025. Dystopia in literature of the 20th- 21st centuries. *Journal of Applied Science and Social Science*, 15(2):7-11.

Watson, A. 2025. Researching futures with speculative fiction. *Journal of Creative Research Methods*, 1(1):55-72.

Young, R. 2003. Colonial Desire. Hybridity in Theory, Culture and Race. London: Routledge.